

Inhoud Hierdie preek wys hoe die eerste algemene kerkraadsvergadering van die Christelike kerk die strydpunt dat Griekse-Christene nie bekeer of gered sou gewees het nie verwerp het met die nuwe Christelike geloofsgehoorsaamheid: kompromieloosheid in koninkryksake en inskiklikheid met alle gewone burgerlike sake. Dit is die nuwe lewenshouding waartoe Christus se genade vir alle sondeurs die kerk verbind. Dit wys ook hoe hierdie geloofsgehoorsaamheid in die moderne Christelikheid verlore geraak het met 'n nuwe kompromis waarin gewone burgerlike sake nou God se saak is en koninkryksake van Christus nou sake is waarvoor jy altyd inskiklik moet wees met die houding: elkeen aanbid Jesus volgens hulle eie spiritualiteit en dit is alles net verskillende maniere om een Here te aanbid. Dit wys dat gelowiges hiermee nou vir altyd die geestelikes se nuwe sendingveld geword het wat weer en weer tot nuwe soorte bekerings gebring moet word.

Skriflesing Handeling 15: 1-14, 19 – 22, 28,29. Romeine 14: 1-9, 15 – 18. (Direkte Afrikaanse Vertaling DAV)

Teks handeling 15:11 Maar ons glo dat ons op dieselfde manier as hierdie mense deur die genade van God verlos word

Tema Christus se genade maak ons kompromieloos in koninkryksake en inskiklik in alle gewone sake

1. Handeling 15 vertel vir ons van die eerste algemene kerkvergadering van die Christelike kerk in die jaar 48 n. C. tussen die twee belangrikste gemeentes van daardie tyd, die gemeente Jerusalem en die gemeente Antiogië.

Die gemeente in Jerusalem het hoofsaaklik bestaan uit Joodse – Christene en het hulle byeenkomste in Aramees gehou terwyl die gemeente in Antiogië 'n Griekssprekende gemeente was met lidmate uit verskeie van die volke om die Middellandse See.

Die saak op die agenda van hierdie algemene kerkraadsvergadering tussen hierdie twee gemeentes was hoe mense tot God bekeer en wie het tot bekering gekom.

Dit sien ons uit hoe die afgevaardigdes van die gemeente van Antiogië orals langs die pad op pad na die vergadering in Jerusalem vertel oor hoe heidene tot bekering gekom het toe die evangelie van Christus aan hulle verkondig is. (Hand. 15:3)

2. Van watter tipe bekering word in die boek Handeling gepraat?

Lukas gee vir ons twee volledige preke wat feitlik dieselfde inhoud en aanbieding het. Die heel eerste Christelike preek is Petrus se preek op Pinksterdag met die uitstorting van die Heilige Gees in Hand. 2: 22 – 36. Die tweede is Paulus se preek

tydens sy eerste sendingreis aan Jode en Grieke in die stad Antiogië, in die Romeinse provisie Pisidië, vandag Turkye, 'n ander Antiogië as Antiogië in Sirië wat die kerkvergadering in Jerusalem bygewoon het, in Handeling 13: 26 – 41.

Petrus se preek vir Jode by die tempel en Paulus se sendingpreke het dieselfde inhoud en aanbieding volgens Lukas gehad, en daarom ook dieselfde oproep tot bekering tot Jesus as Christus en Here. (Hand. 2:36)

Petrus se oproep tot die Jode by die tempel is: “Bekeer julle!” (Hand. 2:38) Hierdie is 'n totaal ander oproep as die oproep om jou sondes te bely, berou oor jou sonde te hê en jou weer tot gehoorsaamheid aan die wet te verbind. Daarmee was die Jode juis besig by en in die tempel. Petrus roep hulle op om weg te draai van die tempel, die offers in die tempel en die wetsbedryf van die tempel en hulle toe te keer tot geloof in Jesus as Here en Christus. Daarom stel Lukas dat diegene wat Petrus se boodskap oor Jesus se lyding en opstanding aangeneem het, is gedoop. Om die evangelie te glo is hoe jy tot bekering kom as Jood!

Paulus se bekeringsoproep tot die Jode en heidene in Antiogië klink só: “Julle moet dus weet, broers, dat dit deur hierdie man is dat die vergewing van sondes aan julle verkondig word, en dat elkeen wat glo, deur Hom geregverdig word van alles waarvan julle deur die wet van Moses nie geregverdig kon word nie. (Hand. 13:38,39 DAV)

Lukas wys met hierdie twee preke dat die bekering waarmee Jode tot God moet bekeer en die bekering waarmee heidene tot God bekeer is een en dieselfde bekering: om te glo in wie Jesus is, Christus en Here, en dat Hy ons regverdig maak deur sy lyding en opstanding, is hoe jy jou tot God bekeer! Daar is nie een soort bekering tot God vir Jode en 'n ander soort bekering tot God vir Grieke nie. Jode draai hulle weg van die tempel en wet van Moses wat hulle nie kan regverdig maak nie tot Christus en heidene draai hulle weg van hulle afgode waarmee hulle hul sonde geregverdig het as deugdes tot Christus.

Geloof in Jesus en sy genade, is bekering tot God!

3. Oor hierdie bekering tot Christus het daar tussen die Joodse-Christene en die Griekse-Christene 'n heftige woorderstryd ontstaan in die gemeente in Antiogië, die groot Griekssprekende gemeente wat Paulus as sendeling uitgestuur het.

Wat was die strydpunt? Joodse-Christene het uit Jerusalem in Antiogië aangekom en gesien dat hierdie gelowiges laat hulle nie besny nie, hou nie die Sabbatdag nie, vier nie die godsdienstige feeste soos die Pasga of enige van die Joodse feeste nie. Kolossense 2: 16.

Toe hulle dit sien, het hulle vir hierdie gelowiges gesê dat hulle nie gered is omdat hulle nie besny is en soos Jode leef nie. (Hand.15:1) Volgens hierdie Joodse-Christene is daar 'n ander bekering wat jou red as net die geloof in Jesus Christus se lyding en opstanding. Hulle het hierdie gelowiges wat hulle weggekeer van afgode om sondes goeie daade te maak en hulle tot geloof in Jesus Christus bekeer het om hulle vir God regverdig te maak, dit is te vergewe, gesê hulle is nie gered nie, al glo hulle in Jesus. Hulle het hulle dus as gelowiges veroordeel as mense wat nog nie regtig tot bekering tot God gekom het, die god soos die Jode Hom nog altyd sou geken en aanbid het nie.

Wat probeer hulle met hierdie oordeel wat hulle oor die gelowiges uitspreek, regkry?

Hulle probeer hulle wat tot geloof in Christus gekom het, bekeer! Hulle wat onder die sending van Paulus, Barnabas, Stefanus en ander predikers van die evangelie deel van die gemeente van die Here geword het, 'n nuwe sendingveld maak. Hulle maak gelowiges die sendingveld van mense wat nog tot bekering moet kom voor hulle vergewe, gered en geregverdig kan wees.

4. Daarom sê Lukas hierdie nie sommer 'n onbenullige meningsverskil en woordestryd was nie. (15:2) Hierdie aanval op gelowige asof hulle nie bekeer en gered is nie, het die wese van die evangelie en die kerk aangetas. Dit is 'n ernstige geloofsaak wat gaan oor hoe Jesus Christus en Here is!

In Jerusalem het hulle toe eers saam met die afgevaardigdes van Antiogië se gemeente 'n gemeentevergadering gehou en in hierdie gemeentevergadering is dieselfde oordeel uitgespreek dat die Griekse gelowiges nog nie werklik tot bekering gekom het en gered kan wees nie: "Sommige mense wat tot die party van die Fariseërs behoort en gelowig geword het, het egter opgestaan en gesê: "Hulle moet besny word en opdrag kry om die wet van Moses te onderhou."

Na hierdie gemeentevergadering het die apostels en ouderlinge toe hierdie saak in 'n kerkraadsvergadering bespreek. (Hand.15: 6) Binne die kerkraadsbespreking het daar toe ook 'n hewige woordestryd ontstaan tussen sommige Joodse-Christene en die Griekse-Christene. 15: 7.

5. In hierdie gestry en verskille het die predikante Petrus, Paulus, Barnabas en Jakobus dieselfde geloofstandpunt ingeneem.

Petrus se standpunt was: heidene word op dieselfde wyse as Jode net deur genade van die Here Jesus verlos, en nie deur die wet van Moses nie. 15:11; Jode en heidene se harte word op dieselfde wyse, net deur geloof in Christus gereinig 15:9 en Jode en heidene ontvang die Heilige Gees as gawe deur Jesus Christus, 15: 8 dit is Jesus maak Jode en heidene deel van een en dieselfde Dawids- en Abrahamsbeloftes (Lukas 1: 68 – 79)

Barnabas en Paulus het dieselfde standpunt gestel wat hulle op die eerste sendingreis gepreek het: “Julle moet dus weet, broers, dat dit deur hierdie man is dat die vergewing van sondes aan julle verkondig word, en dat elkeen wat glo, deur Hom geregverdig word van alles waarvan julle deur die wet van Moses nie geregverdig kon word nie. (Hand. 13:38,39 DAV)

6. Dit was ook Jakobus se standpunt. Hy het Petrus se standpunt ondersteun dat die Here Jesus Christus uit die heidene 'n volk vir sy Naam sou kry. 15: 14 en het dit met hierdie woorde bevestig: “Daarom oordeel ek dat ons dit nie moeilik moet maak vir hulle wat uit die heidendom na God terugkeer nie,” 15:19. Met hierdie sin ondersteun hy Petrus wat die eis van besnydenis as manier van bekering en redding verwerp het met die woorde: “Waarom wil julle God dan nou toets deur 'n juk, wat nie ons of ons voorvaders kon dra nie, op die dissipels se nekke te plaas? “ 15: 10

Met hierdie woorde het Petrus, Paulus, Barnabas en Jakobus eenparig standpunt ingeneem dat alleen deur die geloof in Christus se genade bekeer Jode en heidene tot God en is hulle gered. Hulle het die standpunt dat gelowiges as onbekeerd en ongered veroordeel moet word, verwerp.

Met hierdie eenparigheid oor die wesenlike saak waaroor dit gegaan het, maak Jakobus dan die voorstel dat vir die Grieke wat tot geloof in Christus gekom het die volgende drie voorskrifte gegee moet word:

1. Hulle moet nie vleis eet wat eers vir afgode as offer geoffer was en toe op markte verkoop is soos die gebruik van al die heidenvolke was nie.
2. Hulle moet nie vleis van diere wat verwurg was en nie geslag was eet nie en ook nie bloed eet nie.
3. Hulle mag nie onsedelik wees nie.

7. Jakobus se voorstel is eenparig deur die hele vergaring aanvaar, sonder enige teenstem. Wat is hierdie eenparige besluit se inhoud en betekenis gewees? Die vergadering het begin met die eis dat jy besny moet word om waarlik bekeerd en gered te wees. Die besnydenis as eis om tot bekering te kom en gered te word, is daarmee verwer, eenparig, ook deur hulle wat dit eers verdedig het.

Die omvang van hierdie besluit mag nie vandag misgekyk of onderskat word nie. Dit het nie net oor die besnydenis alleen gegaan nie. Dit inhoud, betekenis en omvang van hierdie besluit is as volg:

1. Dit is nie nodig om besny te word om gered te word en bekeerd te wees nie.
2. Dit is nie nodig om die Sabbat te onderhou om bekeerd en gered te wees nie.
3. Dit is nie nodig om die tempeldiens met al die voorskrifte oor offers en priesters te onderhou om gered en bekeerd te wees nie.
4. Dit is nie nodig om die Pasga of enige ander Ou Testamentiese fees te onderhou om bekeerd en gered te wees nie.

5. Dit is nie nodig om die Tien Gebooe te onderhou om vergewe, gereinig, geregverdig te wees en deel van die beloftes van die Gees, die Dawids- (2 Sam. 7: 11- _en Abrahamsbeloftes (Esegiël 36:24 –) nie.

Dit beteken dat net deur geloof in Christus is heidene bekeerd tot God en deel van God se genade! (15: 11)

8. Nou waaroor gaan hierdie drie voorskrifte dan wat Jakobus byvoeg waaroor die hele vergadering, ook Paulus en Barnabas, eenparig is?

1. Hulle moet nie vleis eet wat eers vir afgode as offer geoffer was en toe op markte verkoop is soos die gebruik van al die heidenvolke was nie.
2. Hulle moet nie vleis van diere wat verwurg was en nie geslag was eet nie en ook nie bloed eet nie.
3. Hulle mag nie onsedelik wees nie.

Dit kan onmoontlik verstaan word dat hierdie is die drie nuwe voorskrifte wat jy moet onderhou voordat jy bekeerd en gered kan wees! Dit is totaal absurd dat die vergadering eenparig aanvaar dat nie die besnydenis, die Sabbat, die tempeldiens met al die offers, die Pasga of enige ander godsdienstige fees van die Ou Testament nodig is om bekeerd en gered te wees nie, behalwe hierdie drie wat hulle nou hier stel.

Dit sou deur geen een van die Joodse-Christene in die vergadering as 'n skikking aanvaar word dat alles wat hulle eis verwerp word behalwe hierdie drie voorskrifte nie. Hierdie drie voorskrifte is nie 'n toewyding aan die eis dat daar iets anders is waardeur jy bekeerd en gered as net deur die geloof in Christus nie.

9. Wat die bedoeling en omvang van hierdie drie voorskrifte is, na hulle eenparige besluit dat wie glo in Jesus is bekeerd en gered, is dit wat Paulus in Romeine 14 uitvoerig verkondig: kompromieloosheid oor koninkryksake en inskiklikheid met alle gewone sake! Romeine 14 is niks anders as 'n verduideliking van die inhoud en bedoeling van die besluit in Jerusalem in 48 n.C. nie.

Daarom is hierdie 'n totaal nuwe besluit waarin die geloofgehoorsaamheid van die Christelike Kerk aan die Here Jesus Christus tot uitdrukking kom, en alles behalwe 'n skikking tussen Joodse- en Griekse-Christene.

Paulus het sy hele lewe lank by hierdie besluit van die eerste algemene kerkvergadering van die Christelike kerk gehou. Dit sien ons in sy briewe uit die tronk in Rome: Efesiërs, Filippense en Kolossense.

Hy som die nuwe geloofsgehoorsaamheid wat met hierdie eenparige besluit in Jerusalem tot uitdrukking gekom in Romeine 14: 17 soos volg op: "Die koninkryk van

God is tog nie 'n saak van kos en drank nie, maar van geregtigheid en vrede en blydschap in die Heilige Gees.” (DAV).

Geloofsgehoorsaamheid is die nuwe wyse waarop gelowiges onderskei tussen koninkryksake en die gewone alle daagse sake van die lewe. In koninkryksake is gelowiges kompromieloos maar in alle gewone sake altyd inskiklik. Dit is ook hoe die nuwe besluit in Jerusalem in 48 n. C. geneem was.

10. In geloofsgehoorsaamheid gaan koninkryksake oor geregtigheid, vrede en blydschap in die Heilige Gees. Hierdie sin is 'n kernagtige opsomming van die evangelie en om ingesluit en deel van die evangelie te wees. Die evangelie is die koninkryk van Christus en die evangelie is koninkryksake.

Met die uitdrukking “in die Heilige Gees” stel Paulus dat die Heilige Gees is die gawe wat jou insluit en verenig met wie Christus as mens in jou plek is met sy lyding en opstanding. (Fil. 3: 7 – 16) Die woord “geregtigheid” wys dat in die koninkryk maak Christus ons en ons lewe vir God reg deur sy lyding en opstanding, nie ons met wetsonderhouding nie en met die woorde “vrede en blydschap” wys Paulus dat in die koninkryk van Christus is God nie in stryd met gelowiges nie, maar versoen en daarom is hulle gehoorsaamheid met blydschap en nie uit vrees nie. Koninkryksake is dat Christus ons en ons lewe vir God reg maak en reg laat wees sodat ons in diensbare liefde God se wet onderhou.

In geloofsgehoorsaamheid aan Christus is hierdie die belangrike koninkryk sake – die evangelie. Met hierdie sake word daar nooit enige kompromie gemaak nie. Dit is ononderhandelbaar net reg of verkeerd. Een van die voorskrifte aan die Grieke in die Jerusalembesluit is só 'n besluit: weerhou julle van hoerery! Onsedelikheid was deel van die gemeensaamheid en saamkuier van die heidense gemeenskappe. Dit wys Paulus uit in Rom. 1: 18 -. Daarom stel die kerkvergadering dat hierdie onsedelikheid met samesyn en kuiers net doodeenvoudig verkeerd is. Dit is 'n koninkryk saak.

11. Wat is nie koninkryksake nie en hoe word dit hanteer ?

Al die gewone dinge van die lewe wat God in sy voorsienigheid ons mee voorsien en mee versorg, soos kos en drank en ook godsdienstige feesdae.

Op watter wyse hanteer gelowiges hierdie gewone sake wat nie koninkryksake is nie? So! Dit is nie sake wat reg of verkeerd is nie. Dit wat die glo en doen is reg en die wat dit nie glo of wil doen is ook nie reg nie. Mense wat presies die teenoorgestelde glo en doen met hierdie gewone sake is beide reg!

Paulus noem twee voorbeelde: die een gaan oor die Sabbat wat in Jerusalem nie vir Grieke voorgeskryf was nie en die ander is die eet verbod op bepaalde kos wat wel aan die Grieke voorgeskryf was: “Die een beskou een dag as belangriker as ander,

vir 'n ander weer is alle dae eenders.” 14: 5 en “Die een glo 'n mens mag alles eet, maar die ander wat swak in die geloof is, eet net groente.” 14: 2 Oor hierdie verskil in gewone sake stel hy dan: “Elkeen moet in sy eie gemoed net ten volle van sy standpunt oortuig wees” 14: 5, bedoelende, dan is hierdie twee teenoorstaande standpunte al twee reg om die Here mee te dien.

Oor hierdie gewone sake kan en moet gelowiges altyd inskiklik wees dat elkeen se oortuiging reg is, al verskil dit van joune.

Hoekom? Want elkeen glo en dien Here! En geloof in die Here se liefde en geloof dat jou diens aan die Here goed is, is koninkryksake waaroor daar geen kompromie kan wees nie.

Omdat gelowiges met gewone sake altyd inskiklik is, kan hulle met hulle eie mening en gewoonte ook terug staan ter wille van die liefdevolle samesyn en geloofsgemeensamheid met mekaar. Daarom stel Paulus: “As jy jou broer aanstoot gee deur wat jy eet, handel jy nie meer volgens die liefde nie. Moenie dat jy deur wat jy eet iemand vir wie Christus gesterf het, tot 'n val bring nie.”

Dit geld vir twee van die voorskrifte van die Jerusalembesluite: die verbod op die eet van vleis van afgodsoffers of verwurgde diere. Dit is gewone sake waarin die Griekse-Christene nie moet aanstoot gee aan die Joodse-Christene nie, want hulle moet in die nuwe gemeentes ook vir die verkondiging van die evangelie behou word.

12. Dit is die geloofsgehoorsaamheid waarmee die besluite in Jerusalem geneem was: die koninkryk van God gaan oor geregtigheid, vrede en blydschap in die Heilige Gees, nie oor gewone sake soos eet en drink en feesdae nie.

Daarom stel die vergadering kompromieloos dat elkeen wat in Christus glo, het tot God bekeerd en is gered. Hulle verwerp die standpunt van die Joodse-Christene dat wie nie besny is, nie die Sabbat en ander feesdae onderhou, wie nie die tempel besoek en offers bring nie en wie nie hulle volgens die wet van Moses bekeer om gered te word, onbekeerd en ongered sou wees.

Daarom stel die vergadering ook kompromieloos dat die onsedelikheid van die Griekse saamwees en feeste moet stop! Dit is hoerery!

Terselfdertyd stel hulle twee voorskrifte wat oor gewone sake gaan: die eet van vleis en bloed, nie omdat dit koninkryksake is nie, maar om nie aan die Jode so aanstoot te gee in die nuwe Griekssprekende gemeente oor onbelangrike sake dat die Jode nie meer deel van hierdie nuwe gemeentes wil wees nie. Hieroor moet gelowiges ter wille van die evangelie altyd inskiklik wees.

Wie deel van Jesus Christus se genade is, is deel van die nuwe koninkryk waar Christus en sy heilswerk koninkryksake is, en kompromieloos geglo en geleef word. Wie deel van Christus se genade is, kan egter terselfdertyd altyd oor gewone sake inskiklik eie menings en gewoontes aanpas tot samesyn en gemeenskaplikheid van die gemeente van die Here.

13. In die moderne Christelikheid waarin ons vandag leef, het hierdie kompromieloosheid oor koninkryksake en inskiklikheid oor gewone sake met 'n nuwe soort kompromis in die Christelike gemeenskap verlore geraak!

Hierdie nuwe kompromis klink só: "Ons moet aanvaar dat mense Jesus op verskillende maniere aanbid, en ons moet hierdie verskillende maniere waarop mense Jesus aanbid aanvaar as verskillende spiritualiteite waarmee ons dieselfde Here aan bid.

Hoe sou die eerste algemene kerkvergadering in Jerusalem se besluite gelyk het as hulle aanvaar het dat elkeen die Here op sy eie manier aanbid, maar dit bly dieselfde Here? Dit sou dan so geklink het: Joodse-Christene mag glo wie in Christus glo is nog nie gered en het die Gees ontvang nie, voordat hulle nie hul bekeer het tot die Joodse lewenswyse nie. Griekse-Christene is ook reg dat hulle nie tot die Joodse lewenswyse bekeer moet word nie. Hulle moet net aanvaar hulle aanbid dieselfde Christus! Elkeen is net 'n mooi Christelike spiritualiteit en kant van dieselfde verering van Jesus.

Wat sou die gevolge van só 'n besluit gewees het? Dit sou die absurde verspotheid geskep het dat hulle wat in Jesus glo mekaar oor en weer kan bekeer terwyl hulle oor en weer nie glo dat die ander waarlik gered is nie, maar dieselfde Here aanbid. Die kerk van die Here sou die sendingveld van gelowiges teen gelowiges gewees het.

14. Dit is presies hoe kerklike gemeenskappe soos die NG Kerk werk met hierdie nuwe kompromie: elkeen het 'n eie spiritualiteit waarmee hulle dieselfde Here aanbid!

Dit is hoe daar vandag in een kerk groepe mense is wat glo dat gelowiges nog nie waarlik bekeer is nie en nog nie regtig ware Christene is nie, al glo hulle in Jesus Christus. Elke dag is daar 'n nuwe kerkbesluit of 'n nuwe groep geestelikes in die kerk wat besluit gelowiges is nog nie bekeer nie en daarom eintlik nog nie gered of ware Christene nie.

Dit is hoe die lys van onbekeertheid van gelowiges net al langer en langer word. Jy glo miskien in Christus, maar jy het nog nie tot die eerste bekering gekom nie; jy glo maar is nog nie 'n wedergebore Christen nie; jy glo maar jy is nog nie 'n geesvervulde Christen nie; jy glo, maar jy is nog nie 'n getuie vir die Here nie; jy glo maar jy is nog

nie 'n versoenings-Christen nie; jy glo, maar jy is nog nie 'n geregtigheids-Christen wat opstaan vir onderdrukte nie; jy glo maar jy is nog nie 'n missionale Christen nie.

En om een van hierdie spesiale soort Christene te word moet jy dan eers tot bekering kom, omdat jy nog nie tot die regte saak van die koninkryk van God bekeer het nie.

So word die kerk 'n gemeenskap waarin elke gelowige weer 'n onbekeerde heiden is omdat hy nog nie een of ander bekering tot een of ander geestelikheid sou gehad het nie. Elke keer is jy weer onder die oordeel van onbekeerdheid van kerklike vergaderinge en geestelikes en eintlik 'n teken vir sendingwerk, al glo jy in Jesus Christus.

15. Wat is die fout? Die fout is dat die nuwe kompromis presies net alles omdraai wat Christus se genade doen: om geen kompromie oor koninkryksake te maak nie en inskiklik te wees met gewone sake.

Vat byvoorbeeld die nuwe missionale Christene wat die kerk besluit het ons moet wees. Wanneer is jy 'n missionale Christen? Wanneer jy 'n sokkombuis in Tshakuma in Venda begin, of enige ander vrywillige gemeenskapdiens in gemeenskappe anders as jou eie gaan doen, strate skoonmaak, huise regmaak en verf en kinders op pas! Wie dit doen is nou missionale Christene wat die land en mense ophef! En boere wat vir arbeiders werk gee op hulle plase en daardeur hulle in staat stel om kos te koop, in huise te bly en hulle kinders te laat leer, wie is hulle? Hulle is nou die ou nie-missionale Christene wat nog tot bekering moet kom, omdat hulle nog nie werklik koninkryk-Christene is nie!

Net so besluit NG Gemeentes en leraars dat gelowige NG lidmate wat nog nie god in hulle lewe in genooi het nie, is nie wedergebore Christene nie; gelowige lidmate wat nog nie 'n totale oorgawe aan God gemaak het, is nog nie geesvervulde Christene nie en hulle almal moet nog tot bekering kom, en is nog nie ten volle gered nie.

Net so is ons as gelowiges nou al vir meer as twintig jaar geteister dat ons nie versoenings-Christene is nie. Want 'n versoenings-Christen is iemand wat sy werk, sy plaas, sy kinders se studiegeleenthede, sy kinders se prestasie-erkenninge, sy kinders se werkgeleenthede opgee as die manier waarop hulle van die sonde van apartheid bekeer om burgerlike samehorigheid in die land te skep. Is burgerlike samehorigheid in gemeenskappe en lande koninkryksake of gewone burgerlike sake?

So maak die moderne Christelikheid van alle gewone burgerlike sake God se nuwe koninkryksake en van God se genade 'n gewone saak van ongeredde mense, alles met die nuwe kompromie: elkeen dien god volgens sy eie spiritualiteit en dit alles net verskillende maniere om een God te aanbid!

Christus se genade maak ons kompromieloos in koninkryksake en inskiklik in alle gewone sake

Met hierdie kompromis dat ons inskiklik met koninkryksake moet wees, word gewone sake God se sake en elke gelowige vir die res van sy lewe 'n sendingobjek wat nog tot bekering moet kom om waarlik 'n regte geestelike mens te wees en om gered te word.

Want dit is presies die teenoorgestelde ingesteldheid waartoe Christus ons verbind en wat in die eerste algemene kerkraadsvergadering van 48 n. C tot uitdrukking gekom het: kompromieloos oor koninkryksake en inskiklik met gewone burgerlike sake.